**Boodskap vir Sondag 30 Augustus 2020**

Gegroet vanuit die pastorie

Soos reeds die afgelope paar weke, is daar erediens in die kerk gewone tyd; onthou jou masker. Ek sien julle ook graag daar. Hierdie Sondag gaan ons ook weer begin met kategese.

Dié filosofiese uitspraak word dikwels en wyd proklameer dat die mens wat 'n doel vir sy lewe het, die lewenswa deur baie driwwe kan trek. Besmoontlik is dit 'n deurdagte algemene waarheid, maar enige persoon in die menshulpbedryf weet daar tientalle veranderlikes is wat dit beïnvloed. Ek ken baie suksesvolle persone wat al vasgeval het in een of ander drif op hulle roete deur die lewe. Net so ken ek doellose persone wat klaarblyklik deur geen terugslag ondergesit word nie.

'n Sekure aanduiding van die algemene doel vir menswees word in die skeppings tekste van Genesis aangebied. Ons ken dit al te goed: *Wees rentmeester van die skepping*, so in bondige taal saamgevat. Party Oosterse gurus meen dat mens moet ontmens om voluit te lewe. Ander denkers meen die kardinale doel is om gelukkig te wees. In algemene terme is die meer aanvaarde mening dat alle doele buite die mens moet kan geskied. Dit mag waar wees, maar dit maak dikwels ook 'n drif los wat fanaties kan uitspeel – soos byvoorbeeld die Groenes as hulle oordadig raak om alles te wil vernietig wat teen hulle uitkyke is; so ook die warm patat tans rondom die slagspreuk van Black Lives Matter (BLM).

Die Prediker het ook 'n mening waarby uitgekom word na vele nagte se nadenke, soos staan in Prediker 12:13: *Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word*. Ja, Salomo was 'n wyse man en mens kan hom goedskiks glo. Tog as jy duiwelsadvokaat wil speel kan jy begin vra wat presies is God se gebooie en ook of Paulus nie sterk aanbeveel dat die Wet net 'n maatstaf is en die krag van die oorwinning eerder vestig in Gees-vervuldheid.

Nou die dag besoek ek iemand wat siek is en bokant haar bed wys sy vir my 'n geborduurde portret wat ook in haar ouerhuis gehang het met die opskrif *Goddelijke Huiszegen* en daaronder die woorde: *Waar geloof, daar liefde; Waar liefde, daar vrede; Waar vrede, daar Zegen; Waar Zegen, daar God; Waar God, geen nood*. Miskien vat die ou wysheid die primêre insigte saam van hoe mens moet lewe – dit is in elk geval naby Paulus se uitspraak in 1 Kor. 13 van *Geloof, Hoop en Liefde en hiervan die Liefde as die die allerbelangrikste lewensgesindheid*.

Interessant genoeg vind ek by sommige fisici wat hulle besig hou met die onderwêreld van die atoom 'n insig-basis wat moderne mense-afrigters vertaal as dat uit die werking van universum in sy diepste formate dit blyk dat *belewing*, *lering* en *diensbaarheid* verwring is met bewussynlikheid. Bewussynlikheid soos hier bedoel is dit wat die mens laat uitstaan bo alle ander vorme van lewe – gelowiges sou dit sommer geestelikheid noem.

Wat sal jou die wa laat deurtrek deur droogtes, traumas, terugslae, bankrotskap, vyandskap en sulke dinge? Mens staan in reuse-empatie en in totale onverklaarbaarheid oor die gesinne-slagoffers van die Kalahari brand. Het 'n lewensdoel hoegenaamd te make met die aanslae van die lewe? Moet 'n bestaansdoel altyd gemeet kan word teen swaarkry – hoekom nie 'n skeppingsdoel vir die mens heg aan blydskap en gelukkigheid nie? Daar is 'n hele boksendaais teologie beskikbaar wat hierdie vraagstellinge deur al die Bybelboeke probeer belig. Dikwels is die slotsom nes die van die Prediker, maar aan die ander kant bly die mens dikwels vra hoekom goeie dinge met slegte mense gebeur en veral hoekom slegte dinge met goeie mense gebeur. Die Siniste van die lewe sal dit vertaal tot die stelling dat die laaste ding op aarde wat die mens wil doen, is om dood te gaan.

Al die menings en insigte wat aangebied word, is in een of ander konteks die waarheid. Nie een is egter die volle waarheid nie. Waarskynlik is waarheid nie die basis van die antwoord oor 'n lewensdoel nie. 'n Bestaandoel vir die mens is eerder te vinde in 'n gesindheid en 'n lewensproses. Dit sou wees soos 'n fontein wat uitvloei weens een of ander druk van elders. Een van die beste narratiewe daaroor kry ons in die Ou Testament in 1 Kronieke se vierde hoofstuk: *9Jabes het voorrang geniet bo sy broers. Toe sy ma hom die naam Jabes gegee het, het sy gesê: "Ek het hom met smart in die wêreld gebring." 10Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie." God het laat gebeur wat hy gevra het.* Newens die verstommende veelseggendheid in net 'n paar sinne, staan die gedeelte ook uit soos 'n alleenstaande koppie in die woestyn tussenin die uitleg van die families van die stam van Juda – geheel buite konteks, maar soos 'n uitroepteken.

Jabes was sommer van voor sy geboorte al beklee met smart en so het hy die wêreld betree. Uiteindelik was sy respons 'n noodoproep na God, maar dit was 'n besonderse versoek. Hy vra nie net die seën van God nie, maar dat dit oor hom uitgestort moet word. Hy vra nie net vir 'n gewone gang nie, maar vir 'n groter uitdaging. Hy aanvaar om suksesvol te wees, benodig hy God se beskerming, maar dermate dat God die onheil van hom weerhou word – en dit alles sodat geen smart hom tog moet tref nie. En staan daar duidelik dat God laat gebeur het wat hy gevra het.

Die stukkie vertelling het ook sommer begin met die aanduiding dat Jabes *voorrang* geniet het. Die begrip vir voorrang beteken in direkte terme 'gewigtig' wat negatief of positief kan uitspeel – dit kan gelees word dat Jabes meer suksesvol was aan sy lewensdoel as byvoorbeeld sy broers en dit met die nuanse hulle dieselfde lewens-omstandighede gehad het.

Jabes het God aangeroep nie sommer net in 'n alledaagse gebed of in geselstrant nie – hy het letterlik uitgeskreeu na God. Daar was iets wat Jabes nie wou gehad het nie – dit wat sy lewe nutteloos sou maak. Hy wou geseën word om sy lewens-inspraak te vergroot eerder as om net van die negatiewe beskerm te word. In konteks wou Jabes versterk word om sy lewensdoel te vervul en nie om 'n geluksalige lewe te ervaar nie.

Elkeen kan hierdie Jabes-narratief in sy eie lewe oorvertel. Sodoende sal jy moet aanvaar jou lewensdoel is groter as wat jy meen. Jy sal ook moet glo soos Jabes dat al is die uitdaging hoe groot, die hulp en seën van God is nog groter. Hoe dit in jou lewe uitspeel ken net die Gees van God, maar jy is die enigste een wat die versoek in oortuiging moet uitskreeu na die Here toe. Wat nie regtig help nie, is om teen die negatiewe te baklei nie – dit het Jabes baie goed verstaan. Hou jou besig eerder om wat ook al jou *grondgebied* is, te vergroot. Nes aan Jabes sal God beslis ook aan elkeen wat só vra, dit só laat gebeur.

Die Here wil jou seën met 'n vol lewe – vol van sy vrede en sy liefde en sy krag sodat jy jou grondgebied, jou lewensdoel, kan vergroot.

Amen.